# DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

**BROADWAYSTRAAT**
**BELLVILLE**
**7530**

**TEL (021) 945-1515**

**POSBUS 5009**
**BELLVILLE**
**7535**

Mev Van der Linden
Skoolhoof
Gereformeerde Laerskool Bellville
Posbus 4203
Bellville
7537

2014 06 19

Beste mev Van der Linden

BORG-'n-BYBEL PROJEK

Ek verwys na u skrywe van 12 Junie en die skenking van R2845.00.

Soos Lizette reeds in haar epos gemeld het, het u skenking al ons verwagtinge oorskry. Weereens baie dankie daarvoor en ook vir die seënwense toegebid. Dra asseblief ons innige dank oor aan al u leerlinge en personeel.

Die Borg-'n-Bybel projek in samewerking met die Bybelgenootskap van SA het ten doel om te verseker dat genoegsame bekostigbare Bybels in al die tale van ons land beskikbaar mag wees! Dit verseker ook dat, in ons leeftyd en die van ons kinders, God se Woord in al die formate beskikbaar sal bly!

Aangesien ons u doelwit met u deel om, soos u dit so mooi gestel het: "die Woord van God te versprei soos 'n mens die lig van 'n lamp oor die wêreld laat skyn", hoop ek dat ons in die toekoms gesamentlik aan 'n soortgelyke projek kan werk.

God se rykste seën met die goeie werk wat u vir ons kinders doen en die stewige Christelike fondamente wat u vir hulle lê vir die toekoms!

Groete

DEBBIE JOUBERT
Voorsitter
Borg-'n-Bybel

Ds. Coen Vrey
Leraar
Gereformeerde Kerk Bellville

# DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

BROADWAYSTRAAT
BELLVILLE
7530

TEL (021) 945-1515

POSBUS 5009
BELLVILLE
7535